# Boekresensie

**FAUCONNIER, G (1990) MENS EN MEDIA. LEUVEN: GARANT**

Alhoewel hierdie jongste werk van Fauconnier omvattend is, bly dit hanteerbaar. Die boek bestaan uit drie afdelings. Deel I handel oor konsepte, modelle, leerskole en teorieë; Deel II fokus hoofsaaklik op die funksies en vorme van massakommunikasie, terwyl Deel III 'n blik op die toekoms en die nuwe informasiesamelewing bied.

Fauconnier spring weg deur standpunt in te neem ten opsigte van welbekende kommunikasiekundige diskussiepunte. Hy stel dit duidelik dat hy van mening is dat kommunikasie bewustelik intensioneel ('n doelgerigte handeling) en daarom instrumenteel van aard is. In sy woorde: "Expressie gericht op perceptie." Vergemeenskapliking van betekenis word wel beoog, maar indien dit nie bereik sou word nie, bly dit steeds kommunikasie. Slegs 'n potensiële ontvanger is nodig in die kommunikasieproses ('n TV-program wat vir almal bedoel is, maar deur niemand gekyk word nie, bly steeds 'n kommunikasieproduk).

Die konsep massakommunikasie word breedvoerig bespreek. Wanneer massakommunikasiemodelle aan die beurt kom, begin die bespreking met die bekende model van Lasswell en Gerbner, maar vorder gou na die minder bekende, hoewel insiggewende, funksionele model van Prakke. Hierdie dinamiese model kombineer die voordele van Lasswell se model (eenvoudigheid) met die psigo-sosiologiese situasie van die sender en ontvanger, sowel as met die sosio-kulturele sisteem waarbinne die kommunikasieproses voltrek word. Die Duitse psigoloog, Maletzke, se model wat op die aktiewe ontvanger en sy eienskappe fokus, word ook deur Fauconnier hoog aangeskryf.

Daar word vervolgens 'n vergelyking tussen kommunikasiekundige navorsingsuitgangspunte in Europa en Amerika getref. Volgens die outeur word daar in die VSA meer op empiriese navorsing gefokus (effekte-studies en gehoornavorsing - veral met betrekking tot bemarking en reklame), terwyl die Europese navorsers 'n meer holistiese perspektief handhaaf wat massa-kommunikasie op sigself, maar ook in die breë sosiale konteks, beskou (konseptuele en/of kritiese ondersoeke). 'n Nuttige opgawe van die verskillende navorsingsrigtings en die bekendste navorsers op elke gebied word verskaf.

Hoofstuk 5 van Deel II handel oor: (1) die massakommunikator, (2) die media (kanale), (3) die boodskap en inhoudsanalise, (4) die ontvangers en (5) massakommunikasie-effekte.

By die bespreking van die massa-kommunikator word 'n interessante uit-eensetting van die verskillende berrigge-wingfases verskaf, onder andere kre-atiewe fase, selekteringsfase en finale bewerkingsfase, sowel as die subjek-tiewe filters wat hier ter sprake kom. De Fleur se teorie oor die massamedia en die sosiale sisteem ontvang ook die aandag wat dit verdien en sy beskouing van die populêr-kommersiële aard van massamedia-inhoud ("low-taste" genoem), word bespreek.

Die aard en funksies van inhoudsanalise word uiteengesit en daar word verslag gedoen oor die interessante resultate van resente inhoudsanalises op fiksie-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

sowel as nie-fiksie-mediaprogramme.

Die belangrikheid van die ontvanger (dus navorsing oor eienskappe van die gehoor), sowel as navorsing oor terugvoering vanaf die gehoor, word beklemtoon, veral in die lig van toenemende kommersialisering, demassifikasie en ontwikkelinge soos betaal-TV.

Wat media-effekte betref, is daar 'n toepaslike bespreking oor die mag of onmag van oorredende massa-kommunikasie ingesluit. 'n Kronologiese bespreking van die ontwikkeling van die verskillende tersaaklike teorieë begin vanselfsprekend met die Stimulus-respons-teorie. Interessante uittreksels uit koerante wat in 1938 verskyn het oor die magtige effek van die radiodrama "War of the worlds", word verskaf.

Fauconnier se mening dat Klapper se Tussenkomende-faktore-teorie slegs deur De Fleur en Ball-Rokeach in 1982 geherformuleer is en as die Afhanklikheidsteorie bekendgestel is, verdien aandag.Tradisioneel is die Afhanklikheidsteorie eerder as 'n uitbreiding van die Gebruike- en bevredigingsbenadering beskou.

Sover dit die opinieleier-hipotese betref, is die outeur se kritiek in der waarheid slegs 'n opsomming van die bekende kritiek op die Tweestap-vloeimodel.

In die bespreking oor die Gebruike- en bevredigingsbenadering word aspekte van die Balansteorie sowel as die Kognitiewe Dissonansie-teorie betrek. Wat laasgenoemde betref, kan die effekte van die televisieprogram: The Great American Values Test as magtig beskou word en behoort as sodanig deur die outeur aangedui te gewees het.

Sover dit langtermyn-navorsing aangaan, is dit verblydend dat Fauconnier ook die Suid-Afrikaanse ondersoek wat vyftien jaar geduur het en deur Jordaan, Visser en Botha uitgevoer is, insluit. Hierdie formidabele studie handel oor effekte op kinders voor en na die instelling van televisie en is as gevolg van politieke redes redelik onbekend in oorsese wetenskaplike kringe. Al die ander relevante langtermyn-effekte soos agendabepaling, kennisgaping, sosialiseringseffekte en politieke effekte kom ook onder behandeling.

In hoofstuk 6 wat oor normatiewe teorieë handel, word beklemtoon dat onderliggende politieke en sosiale denkbeelde (liberalisme, marxisme, ensovoorts), die basis van nasionale en internasionale kommunikasiebeleide vorm.

In Deel II van die boek wat onder andere oor die funksies van die massamedia handel, word 'n praktiese onderskeid tussen funksies vanuit die oogpunt van die kommunikator (intensiefunksies) en funksies vanuit die oogpunt van die ontvanger (gevolgfunksies) gemaak. Onder gevolgfunksies word onder andere Wright se vierledige tipologie, naamlik informasiesoeke (surveillance), opinievorming, kultuuroordrag en ontspanning, asook sekere disfunksies bespreek.

Die gasheerfunksie is volgens die outeur 'n nuwe funksie wat deur Ruggero in 1988 geïdentifiseer is. Hierdie funksie behels dat kykers verknog raak aan daaglikse televisieprogamme (veral seepkisoperas) met bekende akteurs, bekende rolpatrone, bekende dekorstelle en herkenbare situasies. Die kykers ontwikkel 'n persoonlike verhouding met die akteurs, omdat hulle voel dat hulle hulle ken. Sover my kennis strek, is hierdie funksie (ook parasosiale interaksie genoem) egter reeds deur Horton en Wohl in 1965 geïdentifiseer en later weer deur Palmgreen,



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Wenner en Rayburn (1980) in navorsing oor televisienuus gebruik.

Vir die bespreking oor intensiefunksies steun Fauconnier op verskeie Duitse navorsers (Hagemann, Feldman en Maletzke) en 'n Belg (Clausse) se werk. Na aanleiding van hulle uitgangspunte ontwikkel die outeur drie eie verbandhoudende teorieë wat insiggewend is.

Voorts word daar in Afdeling II vanuit 'n nuwe hoek, naamlik vanuit die intensie-oogpunt, na die verskillende vorms van massakommunikasie gekyk, dit wil sê watter vorms byvoorbeeld ten doel het om te oorreed en watter ten doel het om slegs informasie te verskaf.

In Afdeling III wat oor die nuwe tegnologieë handel, word 'n presiese uiteensetting gegee oor watter media as werklike nuwe media beskou kan word. Die outeur maak van die begrip telematika gebruik, wat 'n kombinasie van telekommunikasie en informatika is, byvoorbeeld teleteks, videoteks en telekonferensies en wat volgens hom as die enigste werklike nuwe media beskou kan word, aangesien die ander (soos kabels en satelliete) slegs verspreidingverbeteringe is. 'n Interessante projeksie oor nuwe tegnologieë in Europese huishoudings tussen die jare 1995 en 2005 word ingesluit.

Tien kommunikasie-gevolge van die tegnologiese vernuwing word onder die loep geneem, onder andere negatiewe oorladingsaspekte; meer interaktiewe en selektiewe mediagebruik; segmentasie en markgerigte uitsendings; totstandkoming van mediakonglomerate, maar terselfdetyd die opkoms van kleiner, plaaslike media-organisasies; ensovoorts.

Die aandag word daarop gevestig dat toekomstige ontwikkelinge en invloede eintlik nog maar slegs vae voorspellings is en dit word in hierdie afdeling ook so bewys, aangesien daar baie meer vrae gevra word as wat antwoorde verskaf word. Die afdeling is egter 'n kort en bondige samevatting van 'n onderwerp wat 'n afsonderlike boek sou regverdig.

In die geheel gesien, het die outeur daarin geslaag om 'n boek daar te stel wat met vrug deur sowel voor- as nagraadse studente van massakommunikasie gebruik sal kan word. Die grootste bydrae van die werk is daarin geleë dat die leser 'n insig en oorsig kry oor Europese denkrigtings en daardeur in staat gestel word om vergelykings met Amerikaanse uitgangspunte te tref.

**LINDA VENTER**
**Departement Kommunikasie, RAU**

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).